

19 November

Matteus 11:1-19; (Teks: 11:12)

Die koms van die Koninkryk en u verantwoordelikheid

Ons wil in hierdie oordenking graag antwoord op twee vrae:

"Hoe kom die Koninkryk van God?"

"Hoe kry ek persoonlik deel aan die Koninkryk?"

Wat die eerste vraag betref, moet ons kennis neem van die standpunt van die sogenaamde: "Teologie van die Revolusie" wat beweer dat die mense verantwoordelik is vir die bou van God se Koninkryk. Eers moet onderdrukkende strukture met geweld afgebreek word, en dan moet die mense God se Koninkryk op die ruïnes van die ou strukture bou.

Ons teksvers sê egter duidelik dat hierdie standpunt vals is. Luister mooi: "Die Koninkryk breek vir homself 'n pad oop". Dit is immers nie 'n Koninkryk van mense nie. Dit is God se Koninkryk wat Hy laat kom ... met of sonder menslike samewerking. En wat die tweede vraag betref, sê Jesus in ons teksvers: "Elkeen wat hom kragtig inspan, kry deel daaraan". Hoewel die koms van die Koninkryk dus voluit God se werk is, word die burgers van die Koninkryk nogtans nie "stokke en blokke" nie, want God eis van hulle 'n besliste keuse. Natuurlik is alles genade - óók die Koninkryk. Maar hierdie is nie die soort genade wat 'n mens pap maak nie. Dit laat juis die spiere bult.

Dit kos inspanning en stryd sê Jesus om deel te word van daardie golfslag wat ons die "Koninkryk" noem. As daar dus in hierdie teksvers sprake is van geweld (vgl. ook die 1953-vertaling), dan is daardie geweld nooit op die ander persoon gerig nie. Dit is altyd gerig op die "eie ek" ... die ou mens van sonde wat van nature geneig is om God en die naaste te haat. Dus word die geweld ook nooit uitgeoefen om die Koninkryk te laat kom nie, maar om self daar in te dring.

Is daar moontlik op u reispad voetangels (in die vorm van sondes) wat u verhinder "om hard te stry"? Bekeer u dan daarvan! Luister na die kosbare bevel wat die Here in die Bergrede vir u gegee het: "As jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af!" Dit is immers beter om met een hand in die Koninkryk in te gaan as om met twee hande in die hel gewerp te word.

Sing: Psalm 36:2

Ds. J.J. Cloete (Koster)